Klaradyn

# Inligtingsbrosjure vir Inwoners

# INDEKS


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Vereistes vir Inwoning | 3 |
| 2. | Items wat in u besit moet wees | 3 |
| 3. | Nuttige Telefoonnommers | 3 |
| 4. | Aktiwiteite | 4 |
| 5. | Elektrisiteitsaankope | 4 |
| 6. | Heffings | 4 |
| 7. | Kredietkaartfasiliteite | 5 |
| 8. | Toegangsbeheer | 5 |
| 9. | Plakkers vir Motors | 6 |
| 10. | Tuin- en Huiswerkers | 6 |
| 11. | Parkering en Snelheidsperk | 6 |
| 12. | Aflewering van Pos | 7 |
| 13. | Huis- en Tuinafval | 7 |
| 14. | Versorgingsfasiliteit | 8 |
| 15. | Tuis- en Privaatversorging | 8 |
| 16. | Kliniekdiens | 9 |
| 17. | Noodnommer vir Mediese Gevalle | 9 |
| 18. | Krisisnommer vir Na-ure | 9 |
| 19. | Doktersbesoeke | 10 |
| 20. | Noodhulpmiddels | 10 |
| 21. | DSTV Pakket | 10 |
| 22. | Restaurant / Etes | 10 |

| | | |
|---|---|---|
| 23. | Aflewering van Etes | 11 |
| 24. | Wassery | 12 |
| 25. | Klaradyn TV Kanale | 12 |
| 26. | Veranderings of Toevoegings aan Geboue | 13 |
| 27. | Kontrakwerkers | 13 |
| 28. | Verf van Buitemure en Dakke | 13 |
| 29. | Watertenks | 14 |
| 30. | Watermeter en Stopkraan | 14 |
| 31. | Waterverbruik | 14 |
| 32. | Tuine | 14 |
| 33. | Haarkapper | 15 |
| 34. | Sitkamer & Dameskroeg | 15 |
| 35. | Biblioteek | 15 |
| 36. | Vervoer Beskikbaar | 16 |
| 37. | Tuinbankies (privaat of gemeenskaplik) | 16 |
| 38. | Troeteldiere | 16 |
| 39. | Aanplant van Bome | 17 |
| 40. | Braai Area | 17 |
| 41. | Benutting van Lokale | 17 |
| 42. | Omheinings | 18 |

## 1. VEREISTES VIR INWONING

Slegs inwoners bo 50 jaar mag permanent in die Oord woon. Twee (2) persone word toegelaat in 'n een (1) slaapkamer woning en vier (4) persone in 'n twee (2) slaapkamer woning. Indien besoekers vir langer as 'n maand vertoef, moet toestemming vooraf van die Uitvoerende Komitee verkry word

## 2. ITEMS WAT IN U BESIT MOET WEES

Maak asb. seker dat u die volgende van die eienaar of eiendomsagent kry:

- ✓ Grondwet
- ✓ Gedragsreëls
- ✓ Elektrisiteitskaart
- ✓ Paniekknoppie
- ✓ Afstandbeheer vir uitgangshek
- ✓ Afstandbeheer vir motorhuis

## 3. NUTTIGE NOMMERS

- ✓ Adminkantoor - 021 981 4776
- ✓ Krisisnommer – 082 583 3531
- ✓ Versorgingsfasiliteit - 021 980 5280
- ✓ Kombuis- 021 981 2676
- ✓ Sekuriteit – 021 981 6887
- ✓ Mediese Noodnommer - 064 776 5700
- ✓ NetVendor – 031 109 0001/support@netvendor.co.za

## 4. AKTIWITEITE

| | | |
|---|---|---|
| Klaradyn Aktief | Hettie Swanepoel | 083 709 7043 |
| Gimklasse en Lyndanse | Betsie Heyns | 082 512 0988 |
| Matrolbal (R15 p/m) | Roy Peacock | 082 226 5068 |
| Rummikub (R20 p/m) | Erina Nel | 021 981 8500 |
| Bingo | Claudette Cheney | 072 125 1497 |
| Omgeegroep | Maretha van Wyk | 083 338 0225 |
| Interkerklike-byeenkomste | Lood Ackerman | 082 673 2105 |
| Boekklub | Santie | 082 444 4343 |

## 5. ELEKTRISITEITSAANKOPE

Aankope vind plaas d.m.v verskeie kanale soos bv. by die Ontvangstoonbank, aanlyn via 'n selfoontoepassing ("app") of by enige EasyPay handelaar soos bv. Checkers of Pick 'n Pay. Bring asb. u kragkaart/meternommer saam tydens aankope. Aankope by die Ontvangstoonbank bly die goedkoopste opsie.

## 6. HEFFINGS

Rekeninge word maandeliks na eienaars gestuur. U moet self reël vir `n aftrekorder by u bank. Heffings moet voor of op die 7de van elke maand oorbetaal word. Heffing sluit 4 weeksdag-etekaartjies per persoon in wat maandeliks by Ontvangs afgehaal moet word. Huurders moet vasstel of hulle huurgeld hierdie etekaartjies insluit al dan nie.

Bankbesonderhede van Huiseienaars:

BANK: Nedbank, Brackenfell
REK NO: 1232 107 565
TAKKODE: 103310
VERW: Voorletters, Van, Erfnommer

Bankbesonderhede van Woonsteleienaars:

BANK: Nedbank, Brackenfell
REK NO: 1152 879 669
TAKKODE: 103310
VERW: Voorletters, Van, Woonstelnaam & -nommer

## 7. KAARTFASILITEITE

Debiet- en kredietkaartfasiliteite is by Ontvangs beskikbaar

## 8. TOEGANGSBEHEER

Ons het streng toegangsbeheermaatreëls in plek. Bestuurders van voertuie moet hulle *rybewys* toon. Inwoners moet verseker dat hul kontakbesonderhede op datum is by die kantoor, aangesien sekuriteit inwoners skakel om die besoeker te identifiseer, alvorens 'n besoeker op die Oord toegelaat word. **Alle besoekers, ingesluit werkers en voetgangers, MOET hul identiteit kan bewys om toegang tot Klaradyn te kry.**

## 9. Plakkers vir Voertuie

Inwoners moet aansoek doen vir 'n plakker by Ontvangs. Hierdie plakker moet regs bo teen die voorruit van die voertuig (bestuurderskant) vertoon word. **NB: slegs vir inwoners!**

## 10. Huis- en Tuinwerkers

Alle tuin- en huiswerkers moet by die Adminkantoor geregistreer wees. `n Toegangspermit word daagliks deur Sekuriteit aan tuin- en huiswerkers uitgereik. Dit MOET te alle tye sigbaar gedra word. Werkers moet teen 18:00 op weeksdae en 16:00 op Saterdae die Oord verlaat. Werkers mag nie onnodig in die Oord ronddwaal nie. Tuinwerkers mag die toiletgeriewe by die toegangshek gebruik. Voorsien asb. toiletpapier. Die sleutel vir die toiletgeriewe is by Sekuriteit beskikbaar en moet onmiddellik na gebruik aan hulle terugbesorg word.

Indien kontrakwerkers enige werk op u perseel moet kom verrig, is daar 'n dokument by die kantoor beskikbaar met voorwaardes waarby Kontrakteurs moet hou vir die tydperk wat hul binne Klaradyn werksaam is.

## 11. Parkering & Snelheidsgrens

Parkering op grasperke en sypaadjies is streng verbode. Handhaaf die **30km/h** snelheidsgrens in die Oord en vra u gaste om dit ook asb. na te kom. Stop by stopstrate en ry volgens die eenrigtingstekens tussen die woonstelle en motorhuise.

Woonstelbewoners word versoek om in hul aangewese parkeerplek te parkeer. Woonwaens, motors, ens. mag slegs vir 'n maksimum van 7 dae in die Oord geparkeer word. Verkeerspolisie mag die verkeerswet in die Oord toepas.

## 12. AFLEWERING VAN POS

Posstukke en *Die Burger* word direk by die inwoner se huisadres in die Oord afgelewer. Ander koerante word by Sekuriteit afgelewer en moet daar afgehaal word. Op Woensdae is u welkom om u gratis kopie van *Die Tygerburger* by die toegangshek te gaan afhaal.

## 13. HUIS- & TUINAFVAL

**Huisafval** in sakke en **herwinningsafval** (bv. plastiek, metaal, papier en glas) in deursigtige sakke word vroeg op Maandae verwyder. Kartondose moet platgevou en onder die huisafvalsakke geplaas word. Die sakke, wat behoorlik toegebind is, mag onder geen omstandighede voor Sondagaande in opritte geplaas word nie. LW: **géén** ander vullis mag in herwinningsakke gegooi word nie.

**Tuinafval** mag óf in groen- óf in swart sakke gegooi word vir verwyder op Dinsdae. **Géén** ander vullis mag in hierdie sakke gegooi word nie. Sakke mag onder geen omstandighede voor Maandagaande in opritte geplaas word nie. Tuinafval/Takke te groot vir sakke moet in lengtes van 1 meter gesny en vasgebind word.

*NB: Alle afval moet buite sig van straatvlak gebêre word totdat dit gereed is om in opritte geplaas te word.*

**Koerante en tydskrifte** moet in die groen drom in die parkeerterrein agter die kombuis geplaas word. Geen item mag buite die drom geplaas word nie. Die inkomste hieruit verkry gaan aan die Versorgingsfasiliteit.

**Elektroniese afval** bv. gloeilampe, buisligte, batterye, inkkassette, ens. moet – sonder enige verpakkingsmateriaal – in die rooi drom in die vierkant buite die kombuis geplaas word.

Daar is vullisdromme vir huisvullis buite die woonstelle beskikbaar gestel en ook aparte dromme vir **papier, glas en weggooidoeke**. Maak seker u gooi die korrekte vullis in die korrekte dromme.

## 14. VERSORGINGSFASILITEIT (MEDCROWD)

Hierdie fasiliteit is beskikbaar vir verswakte persone wat voltydse versorging benodig. Kontak Suster Rossi by 021 980 5280 indien u van hierdie diens gebruik wil maak.

## 15. TUIS- & PRIVAATVERSORGING

Tuisversorging is uitgekontrakteer. Indien u 'n private versorger in u diens het, moet hierdie versorger se besonderhede by die Adminkantoor ingedien word. Hierdie persoon moet ook geregistreer wees. Inwonende versorgers sal ook in ag geneem word vir verpligte maaltye tydens die verhaling van heffings.

Inwoners is welkom om 'n verskaffer van hul eie keuse aan te stel. Hiermee 'n paar verskaffers wat Klaradyninwoners diens:

- Siphiwo Health Care – 072 109 1088
- Sr. Susan Heynemann Bejaarde Sorg – 082 804 7542
- Creative Wellness - 083 229 7511

## 16. KLINIEKDIENS (MEDCROWD)

'n Kliniekdiens is aan alle inwoners beskikbaar. Kontak Suster Kokot by 021 980 5280 indien u belangstel om 'n afspraak te maak.

## 17. NOODNOMMER VIR MEDIESE GEVALLE MERS)

Die nooddiensnommer vir alle mediese noodgevalle is 064 776 5700 of u kan die rooi paniekknoppie druk. Klaradyn se nooddienste is deur Die Halt Group/MERS uitgekontrakteur. Verdere inligting en aansoekvorms is by Ontvangs beskikbaar.

## 18. KRISISNOMMER VIR NA-URE

Indien u bv. 'n gebarste waterpyp na-ure ondervind, kan u die krisisnommer skakel vir hulp by 082 583 3531. Neem asb. kennis dit sluit nie mediese noodgevalle of kragaankope in nie.

## 19. DOKTERSBESOEKE

Dr. Ferreira besoek Klaradyn weekliks. Besoeke geskied slegs d.m.v. afsprake. Kontak hul spreekkamer by (021) 982 6152 om 'n afspraak te maak.

## 20. NOODHULPMIDDELS

Indien u enige noodhulpmiddels benodig, kontak gerus:

| | |
|---|---|
| Helen Steenkamp | 072 226 1074 |
| Maretha van Wyk | 083 338 0225 |

## 21. DSTV PAKKET

Inwoners kan inskakel by die DStv-pakket wat beskikbaar is. U moet u eie skottel en dekodeerder voorsien. Die nodige inligting is by Ontvangs beskikbaar.

## 22. RESTAURANT / ETES

Die restaurant is elke dag van die week oop vir middagete, behalwe op Saterdae, Goeie Vrydag, Kersdag en Nuwejaarsdag. `n Maandelikse spyskaart is by besprekingsboek in die voorportaal beskikbaar. Dit word ook aan die begin van elke maand aan u ge-epos.

Weeksdae etebesprekings (om in die eetsaal te eet of wegneemetes): Besprekings moet daagliks voor 09:00 op die

betrokke dag gemaak word. Die besprekingsboek is in die voorportaal beskikbaar.

Sondae etebesprekings (om in die eetsaal te eet of wegneemetes):
Besprekings moet teen die voorafgaande Vrydag om 14:00 gemaak word. Die besprekingsboek is in die voorportaal beskikbaar. Indien 'n etekaartjie of 'n weeksdag koepon gebruik word, moet die verskil in kontant op die dag betaal word.

Etenstye: Weeksdae om 12:30
Sondae om 11:45 en 13:00 (twee sittings)

Houers vir wegneemetes: Plaas u houers tesame met die korrekte koepons in 'n duidelik gemerkte sak op die tafel agter die Ontvangs in die eetsaal. Indien u dit voor kantoorure inbring, gebruik die Versorgingsfasiliteit se ingang en plaas dit dan op die kas in die gang.

Afhaaltye van wegneemetes: Weeksdae vanaf 11:30
Sondae vanaf 11:00
na-ure op die kas, in die gang, net buite die versorgingsfasiliteit.
Gebruik ook hul ingang.

Addisionele etekoepons kan by Ontvangs aangekoop word. Etekaartjies is vir **3 maande** geldig.

## 23. AFLEWERING VAN ETES

Indien u van hierdie diens gebruik wil maak, kontak gerus vir Beranese Jansen van Rensburg by 082 646 1901

## 24. WASSERY

'n Wassery is binne die vierkant aan die agterkant van die kombuis geleë. Koepons vir die wasmasjiene en droërs is by Ontvangs te koop. Maak asb. seker die deur is toe en die ligte is af wanneer u die vertrek verlaat.

## 25. KLARADYN TV-KANALE

Die volgende TV-kanale is by Klaradyn beskikbaar:

| | | |
|---|---|---|
| Kanaal 1 | - | SABC 1 |
| Kanaal 2 | - | SABC 2 |
| Kanaal 3 | - | SABC 3 |
| Kanaal 4 | - | E-TV |
| Kanaal 5 | - | Sekuriteitsingang |
| Kanaal 6 | - | Musiek-/Fliekkanaal |

| | | |
|---|---|---|
| Maandae | - | Afrikaanse Fliek |
| Dinsdae | - | Midsummer Murder Series (elke week 'n nuwe episode) |
| Woensdae | - | Musiek |
| Donderdae | - | Engelse Fliek |
| Naweke | - | Musiek |

## 26. VERANDERINGS OF TOEVOEGINGS AAN GEBOUE/HUISE

Geen veranderings of toevoegings mag aan die buitekant van geboue/huise aangebring word sonder die voorafgoedkeuring van die Uitvoerende Komitee en Stad Kaapstad nie.

## 27. KONTRAKWERKERS

Indien kontrakwerkers enige werk op u perseel moet kom verrig, is 'n dokument by die kantoor beskikbaar met voorwaardes waarby Kontrakteurs moet hou vir die tydperk wat hul binne Klaradyn werksaam is.

## 28. VERF VAN BUITEMURE & DAKKE

Hiermee die besonderhede indien u u dak of buitemuur van u huis wil verf:

**BUITEMURE:**

| | |
|---|---|
| Kleur | Ti Clad Linnen |
| Verskaffer | Titanium Verwe, William Dabbs Straat, Brackenfell |
| Kontak | (021) 981 0220 of info@titaniumpaints.co.za |

**DAKKE:**

| | |
|---|---|
| Kleur | Rustic Spice Roof |

## 29. WATERTENKS

Skriftelike aansoek moet vooraf aan die Bestuurder gerig word. Slegs die bruin Slim 1000ℓ is toelaatbaar in die Oord. Watertenks moet ook buite sig van straatvlak geinstaleer word.

## 30. WATERMETER & STOPKRAAN

Vergewis uself waar u huis of woonstel se watermeter en stopkraan geleë is vir gebruik in noodsituasies.

## 31. WATERVERBRUIK

Watermeterlesings word maandeliks (14de – 18de) gedoen. Inwoners wat meer as 10kℓ water per maand gebruik, sal gefaktureer word volgens die gepubliseerde munisipale tariewe en verantwoordelik gehou word vir die betaling daarvan. Hierdie kostes sal op u heffingsrekening aangebring word. Indien Stad Kaapstad weer waterbeperkings instel, sal Klaradyn se waterverbruikregulasies ook aangepas word. Klaradyn kan ook addisionele waterbeperkings toepas indien nodig – hierdie inligting is by die kantoor beskikbaar.

## 32. TUINE

Na aanleiding van die Grondwet is eienaars, sowel as huurders, verantwoordelik om tuine te alle tye netjies en in stand te hou. Dooie plante moet verwyder en vervang word.

Potplante moet asb. nie toegang van veral noodpersoneel tot u woning versper nie.

Indien ‘n huis vir langer as ‘n maand onbewoon gaan wees moet die eienaar/inwoner die Kantoor in kennis stel. Tuindienste (mnr. Mel Carlson) sal dan getaak word om die tuin in stand te hou teen ‘n ooreengekome tarief.

## 33. HAARKAPPER

‘n Opgeleide haarkapster bedryf ‘n salon binne die Admingebou. Koepons is by Ontvangs beskikbaar. Vir afsprake kontak direk vir Chrizel Coetzee by 076 089 1633.

## 34. SITKAMER & DAMESKROEG

Die sitkamer en kroeg is gedurende middagete op Woensdae, Vrydae en Sondae oop. `n Kurkfooi is betaalbaar wanneer inwoners hul eie wyn inbring.

## 35. BIBLIOTEEK

Die boeke in die biblioteek in die Admingebou is beskikbaar op ‘n “leenbasis”. Hierdie diens is beskikbaar slegs aan ons inwoners. Verseker asb. dat alle boeke so gou moontlik weer netjies terugbesorg word vir ander inwoners se gebruik.

## 36. VERVOER BESKIKBAAR

Daar is 'n voertuig beskikbaar, teen vergoeding, vir die gebruik van inwoners. Kostes en verdere besonderhede is by Ontvangs beskikbaar.

## 37. TUINBANKIES

Inwoners is welkom om tuinbankies in hul erf te plaas óf om 'n tuinbankie aan die oord te skenk sodat dit in 'n gemeenskaplike area geplaas kan word.

Hiermee die spesifikasies t.o.v. tuinbankies:

- Bankies moet op sementblokke van 450 x 450mm staan (benodig 8 van hierdie blokke)
- Bankies moet uit duursame materiaal bestaan, bv. herwinbare plastiek of sement.
- Bankies moet min onderhoud vereis.
  NB : Die persoon wat die bankie skenk, is verantwoordelik vir die aankoop van die sementblokke

## 38. TROETELDIERE

Inwoners mag alleenlik katte of klein honde aanhou op die erwe wat tydens ontwikkeling geïdentifiseer is vir die aanhou van diere, te wete erwe 16407-16452 en 16556-16558.

## 39. Aanplant van Bome

'n Boomlys van toegelate bome wat in die Oord aangeplant mag word, is op versoek by die Adminkantoor beskikbaar. Dit is ook op die kennisgewingbord in die voorportaal.

## 40. Braai Area

Die braai area is by voorkeur vir ons woonstelinwoners se gebruik, maar kan per aansoek vir ander inwoners beskikbaar gestel word via aansoek by die Ontvangs.

Alle besprekings word deur die Ontvangs hanteer. R100 deposito is betaalbaar indien u van die badkamers gebruik wil maak.

Die braai area moet teen die oggend ná gebruik weer netjies en skoon wees.

## 41. Benutting van Lokale

Drie sale is beskikbaar vir die benutting van inwoners vir bv. kerkdienste, begrafnisse, ens. Besprekings moet vroegtydig by die Ontvangs gemaak word.

Spyseniering moet te alle tye met Orange Blossom ooreengekom word.

## 42. OMHEININGS

Die volgende standaarde is ingestel indien 'n inwoner 'n heining in hul agterplaas wil oprig:

- Voor die oprigting van 'n heining, moet goedkeuring skriftelik van die Uitvoerende Komitee aangevra word, vergesel van 'n sketsplan asook afskrifte van die skriftelike goedkeuring van al die omliggende bure.
- Omheiningshoogte mag nie 1,8 m oorskry nie.
- Openinge/spasies tussen panele (planke) mag nie 30 mm oorskry nie.
- Slegs behoorlik behandelde houtmateriaal mag gebruik word. Riet word nie toegelaat nie.
- Panele kan horisontaal of vertikaal aangebring word.
- Omheining/hout moet vernis wees (enige kleur van u keuse).
- Omheining/hout moet jaarliks geskuur en vernis word.

MEI 2022